Verwysing: 20170213-8210
12/12/41/1
Navrae: N Ncede

Bestuursrekeningkundeminuut: 0001/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde: IBB-koördinering en -advies, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Adjunk-direkteure by distrikskantore en Hoofde van preprimêre skole en VKO-onafhanklike skole, en Prinsipale van gewone openbare skole met graad R-klasse

Onderwerp: Graad R-subsidieproses vanaf 01 April 2017

1. Die Graad R-subsidieproses vir 2017/18 is in omsendbrief 39/2016 verduidelik en daar is na die instel van 'n geoutomatiseerde proses verwys.

2. Met ingangvan 01 April 2017 sal alle Graad R-subsidies via SOBIS deur skole ingedien word.

3. Dit is belangrik om te onthou dat:
   - alle graad R-leerders op SOBIS vasgelê moet wees;
   - alle graad R-leerders aan 'n graad R-klas gekoppel moet wees; en
   - 'n graad R-opvoeder aan 'n Graad R-klas gekoppel moet wees.

   Slegs nadat bogenoemde gedoen is, kan 'n graad R-subsidie vir betaling ingedien word.

4. **Subsidie-eise**

   Graad R-eisaansoeke vir die boekjaar wat strek vanaf 01 April 2017 tot 31 Maart 2018 sal op SOBIS beskikbaar wees. Toegang kan daartoe verkry word deur die volgende te doen:
   Teken aan op die SOBIS.
   Klik "Proceed".
   Beweeg die pyltjie oor die "Administration"-keuse-item en klik op "Gr R Subsidy".
   Kies "Submit Application".

Voltooi asseblief alle toepaslike velde soos vereis en druk die skool se subsidie-eis vir rekorddoeleindes nadat die eis ingedien is. Die skool se subsidie-eis sal elektronies by die toepaslike distrikskantoor ingedien word. Die skool hoef niks verder te doen nie.

Verwys asseblief verder na die *Grade R Subsidy Claim Application System User Manual* vir stapsgewyse leiding oor hoe om 'n subsidie-eis suksesvol in te dien.

5. Tydsraamwerke

Datums vir die 2017 proses:
April-gedeelte

Datum	Aksie
01 Maart 2017	SOBIS word vir die vaslegging van eise beskikbaar gestel.
15 Maart 2017	Finale datum vir skole om eise in te dien. **Neem asseblief kennis:** Geen eise kan ná hierdie datum ingedien word nie.
15 April 2017	Distrikskantore finaliseer aanbevelings- en goedkeuringsproses op EduInfoSearch en teken elke eis af.
15 Mei 2017	Finale datum vir subsidiebetalings aan skole/sentrums.

Oktober-gedeelte

Datum	Aksie
01 September 2017	SOBIS word vir die vaslegging van eise beskikbaar gestel.
15 September 2017	Finale datum vir skole om eise in te dien. **Neem kennis:** Geen eise kan ná hierdie datum ingedien word nie.
15 Oktober 2017	Distrikskantore finaliseer aanbevelings- en goedkeuringsprosesse op EduInfoSearch en teken elke eis af.
15 November 2017	Finale datum vir subsidiebetalings aan skole/sentrums.

6. Vordering van eis

Die vordering van die skool se eis kan op SOBIS nagespoor word. Toegang kan daartoe verkry word deur die volgende te doen:

Teken aan op SOBIS.
Klik "Proceed".
Beweeg die pyltjie oor die "Administration"-keuse-item en klik op "Gr R Subsidy".

Kies “Claim status”.

7. Kontak asseblief die toepaslike SOBIS-distriksadministrateur rakende SOBIS-verwante navrae en die toepaslike VKO-distriksbestuurder rakende graad R-subsidieverwante navrae.

GETEKEN: LJ ELY
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: FINANSIES
DATUM: 2017-02-17